higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

VOLHOUBARE TOERISME IN SUID-AFRIKA
NKR VLAK 2

(11011062)

15 November 2022 (Y-vraestel)
13:00–16:00

Hierdie vraestel bestaan uit 11 bladsye en ’n addendum.

356Q1N2215

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.

2. Lees al die vrae aandagtig deur.

3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.

4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.

5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.

6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

1.1 Verskeie opsies word as moontlike antwoorde op die volgende vrae gegee. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1.1–1.1.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

1.1.1 Die ... rivier is die langste rivier in Suid-Afrika.

A Oranje-
B Tugela-
C Groot Vis-
D Vaal-

1.1.2 Hierdie beroemde berg is by Kaapstad geleë.

A Drakensberg
B Malutiberge
C Tafelberg
D Outeniekwaberge

1.1.3 Hierdie vleiland of meer, wat in Mpumalanga geleë is, is nie 'n geregistreerde Ramsarterrein nie. …

A Barberspan
B Chrissiemeer
C Nylsvlei
D De Hoop

1.1.4 Die ... dam verskaf water aan die hele Gautengprovinsie.

A Gariep-
B Vaal-
C Loskop-
D Vanderkloof-

1.1.5 Die ... rivier mond uit by die enigste rivierhawe in Suid-Afrika.

A Vaal-
B Swartkops-
C Molopo-
D Buffels-

1.1.6 Hierdie berg strek van die Oos-Kaap deur die Oos-Vrystaat, KwaZulu-Natal en Mpumalanga.

A Magaliesberg
B Drakensberg
C Hexrivierberg
D Lebomboberge

Kopiereg voorbehou

1.1.7 Die ... meer is 'n Wêrelderfenisterrein.

A St Lucia-riviermonding
B Wildernis-
C Verlorenvlei ☆
D Sibyia

1.1.8 Die ... rivier vorm die grens tussen Suid-Afrika en Zimbabwe.

A Tugela-
B Breë-
C Pongola-
D Limpopo-

1.1.9 Die Midmarmyl-swemitem vind jaarliks in (die) … plaas.

A Oos-Kaap
B KwaZulu-Natal ☆
C Wes-Kaap
D Noord-Kaap

1.1.10 Die beroemde ... kanomarathon vind in die Paarl plaas.

A Msunduzirivier-
B Swartkopsrivier-
C Bergrivier-
D Krokodilrivier

(10 × 1) (10)

1.2 Kies 'n woord/item uit KOLOM B om by 'n beskrywing in KOLOM A te pas. Skryf slegs die letter (A–H) langs die vraagnommer (1.2.1–1.2.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

KOLOM A		KOLOM B	
1.2.1	'n Kaart wat die manier verteenwoordig waarop jy 'n bestemming of stad of land in jou gedagte voorstel ☆	A	Saldanhabaai
		B	Topografiese kaart
		C	Richardsbaai
1.2.2	Grootste natuurlike hawe in Suid-Afrika	D	Verstandskaart ('mental map')
1.2.3	Die besigste hawe in Suid-Afrika	E	Durbanse hawe
1.2.4	'n Spesiale tipe kaart wat 'n gedetailleerde beskrywing van 'n bepaalde gebied of plek gee	F	Kaapse hawe
		G	Fisiese kaart ☆
1.2.5	'n Diepwaterhawe en een van die modernste grootmaatterminale ter wêreld	H	Roetekaart

(5 ×1) (5)

Kopiereg voorbehou

1.3 Kies die tipe akkommodasie om by die toerisprofiel te pas. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.3.1–1.3.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

hotel; uitstallokaal; selfsorg; kampeer; lodge; gastehuis; bed-en-ontbyt; rugsakreisigerhostel

1.3.1 Paul is 'n avontuurlustige jong reisiger wat goedkoop akkommodasie versoek het. Hy gee nie om om in 'n slaapsaal te slaap nie.

1.3.2 Die paartjie verkies akkommodasie waar hulle op hul eie kan wees en hul eie maaltye kan voorberei.

1.3.3 Me Schreuder het akkommodasie versoek wat in 'n natuurlike omgewing geleë is.

1.3.4 Mnr Moloi is 'n sakereisiger wat verkies om in 'n sentraal geleë akkommodasie-onderneming tuis te gaan wat baie dienste en geriewe bied.

1.3.5 Thandokazi benodig akkommodasie wat ontbyt insluit.

(5 × 1) (5)

1.4 Identifiseer die lughawe wat die naaste geleë is aan die besienswaardighede wat hier onder genoem word.

1.4.1 Addo Nasionale Park

1.4.2 Kangogrotte

1.4.3 Robbeneiland

1.4.4 uShaka Marine World

1.4.5 Augrabieswaterval

(5 × 1) (5)

1.5 Klassifiseer die volgende geleenthede volgens hul spesifieke kategorieë. Kies die korrekte opsie uit die lys hier onder en skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (1.5.1–1.5.5) in die ANTWOORDBOEK neer.

buitelugsport; musiek; landbou; kunstefees; voedsel-en-wyn; handelskou;

1.5.1 Vodacom Durban July

1.5.2 Kaapse Fynproewersfees (‘Gourmet festival’)

1.5.3 Randse Skou

1.5.4 Reis-indaba

1.5.5 Kaapse Jazzathon

(5 × 1) (5)
[30]

TOTAAL AFDELING A: 30

AFDELING B

VRAAG 2

Bestudeer die kaart, ADDENDUM A (aangeheg), en beantwoord die vrae wat daarop volg:

2.1 Identifiseer die provinsies deur slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.1.1–2.1.5) in die ANTWOORDBOEK neer te skryf.

2.1.1
2.1.2
2.1.3
2.1.4
2.1.5

(5 × 1) (5)

2.2 Adviseer ’n kliënt op watter nasionale pad hy of sy sal ry as hulle tussen die volgende stede reis:

2.2.1 Kaapstad na Bloemfontein

2.2.2 Johannesburg na Pretoria

2.2.3 Durban na Johannesburg

2.2.4 Pretoria na Mbombela

2.2.5 Kaapstad na Windhoek

(5 × 1) (5)

2.3 Identifiseer die kaart se skaal. (2)

2.4 Noem die oseaan wat oos van Suid-Afrika geleë is. (2)

2.5 In watter rigting sal 'n mens reis as jy ry van:

2.5.1 Johannesburg na Maputo

2.5.2 Gqeberha na Kimberley

(2 × 2) (4)

2.6 Voltooi die volgende tabel: Noem op grond van die beskrywing die geleentheid en die stad of dorp waar dit plaasvind. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.6.1–2.6.10) in die ANTWOORDBOEK neer.

BESKRYWING VAN DIE GELEENTHEID	**NAAM VAN DIE GELEENTHEID**	**STAD/DORP WAAR DIE GELEENTHEID PLAASVIND**
'n Swemresies wat jaarliks by die Midmardam aangebied word wat duisende deelnemers lok	2.6.1	2.6.2
'n Kanoresies wat oor drie dae met die Msunduzi- en Mgenirivier langs aangebied word	2.6.3	2.6.4
'n Viering van die terugkeer van die suidelike noordkapers na die kuswater van Suid-Afrika	2.6.5	2.6.6
Dit is een van die grootste toerismebemarkingsgeleenthede op die Afrika-kalender wat in Suid-Afrika aangebied word.	2.6.7	2.6.8
Hierdie marathon strek langs albei oseane wat die Suid-Afrikaanse kuslyn omarm, die Indiese en Atlantiese Oseaan.	2.6.9	2.6.10

(10 × 1) (10)

2.7 Toeriste reis om spesifieke redes en volgens hul belangstellings. ☆

Kies uit die lys die tipe toeris wat die besienswaardighede hier onder sal besoek. Skryf slegs die antwoord langs die vraagnommer (2.7.1–2.7.4) in die ANTWOORDBOEK neer.

natuurliefhebber; kultuurtoeris; geskiedenistoeris; avonturier; geoloog; godsdienstoeris; gesondheidstoeris

2.7.1 Robbeneiland

2.7.2 Hector Pieterson Museum

2.7.3 Wieg van die Mensdom ☆

2.7.4 uKhahlamba Drakensberg Park.

(4 × 1) (4)
[32]

VRAAG 3

Lees die volgende scenario en beantwoord die vrae.

Die Kgalagadi-oorgrenspark bestaan uit ’n gebied van meer as 3,6 miljoen hektaar, wat een van baie min bewaringsgebiede van hierdie omvang in die wêreld oor is.

Rooi sandduine, yl plantegroei en die droë rivierbeddings van die Nossob en Auob is ’n aanskoulike agtergrond vir wildsbokke en roofdierspesies en bied uitstekende fotografiese geleenthede. Kgalagadi kan as ’n toevlugsoord vir voëlkykers beskou word, veral as jy in roofvoëls belangstel.

Die Kalahari is ’n droë streek met ’n jaarlikse reënval van 200 mm, hoofsaaklik tussen Januarie en April. In die somer kan dagtemperature 40°C oortref. Winterdae is sonnig, met nagtemperature dikweld onder zero. Besoekers moet uiterste hitte gedurende die dag en uiterste koue gedurende winternagte te wagte wees.

Toegang tot die Park ☆

Toegang tot die Park kan verkry word deur middel van vyf hekke in drie verskillende lande:
- Suid-Afrika se toegang is deur middel van die Twee Rivieren-hek (immigrasiebeheer-hek)
- Namibië deur middel van die Mata-Mata-hek
– Botswana deur middel van die Twee Rivieren-, Mabuasehube- en Kaa-hek

Natuurlewe ☆

As gevolg van die yl plantegroei en konsentrasie van diere in die droë rivierbeddings van die Auob- en Nossobrivier, bied Kgalagadi hoogstaande soogdierbesigtiging. Dit is veral bekend vir roofdierbesigtiging en vir die seisoenale beweging van groot herbivore soos blouwildebees, springbok, eland en rooihartebees.

Waaierstert-eekhoring en meerkat is nog twee van die park se meer prominente spesies. Ratels, ietermagog en bakoorjakkals is sommige van die Park se gunstelinge waarna besoekers op die uitkyk kan wees.

’n Verskeidenheid roofvoëls kan waargeneem word, waarvan die algemeenste die swartborsslangarend, bergarend, lammervanger en swartaasvoël is, asook kleiner spesies soos bleek singvalk, witkruissperwer, dwergvalkie en grootrooivalk.

Die Nossobrivierbedding word beskou as een van die beste plekke in Suid-Afrika om roofvoëls te sien, veral gedurende die somermaande wanneer groot getalle trekvoëls soos arende en valke deur die Park beweeg.

Afstande
Twee Rivieren van Upington – 260 km (teerpad)
Besoekers moet die volgende reistyd van Twee Rivieren se toegangshek tot die ander kampe in ag neem:
Nossob - 4.5 uur
Grootkolk - 7.5 uur
Gharagab – Nie moontlik in een dag nie
Bitterpan – 6.5 uur

Bron (vertaal)*: https://www.places.co.za/accommodation/kgalagadi-transfrontier-park.*

3.1 Verduidelik wat bedoel word met ’n oorgrenspark. (2)

3.2 Toegang tot die Kgalagadi-oorgrenspark kan deur middel van verskillende hekke of toegangspunte verkry word.

3.2.1 Identifiseer die toegangspunt van Suid-Afrika af. (2)

3.2.2 Hoe ver is die naaste lughawe in Suid-Afrika van die toegangshek wat in VRAAG 3.2.1 genoem word? (2)

3.2.3 Watter buurland maak ’n groot deel van die Park uit? (2)

3.3 Terwyl hulle die Park besoek, bly hulle in die Park, sit hul toer teen hul eie pas voort en tree in interaksie met die omgewing en lewe binne die park.

3.3.1 Noem VIER spesiale eienskappe wat besoekers na die Park lok. (4)

3.3.2 Skep riglyne wat aan toeriste gegee kan word om hulle bewus te maak van onaanvaarbare menslike gedragspraktyke wat skadelik vir die diere- en plantlewe is en die bereiking van ’n suksesvolle omgewing kan belemmer. (4)

3.3.3 As ’n wildbewaarder in die Park, noem VIER aspekte wat jy onder besoekers se aandag sal bring voordat hulle die Park binnekom, in ’n poging om bewustheid van bewaringspraktyke te skep. (4)

3.4 Bespreek VIER faktore wat tot die bereiking van ’n suksesvolle omgewing kan lei. (4 × 2) (8)

Kopiereg voorbehou

3.5 Noem die maand van die jaar waarin die volgende geleenthede in Suid-Afrika plaasvind:

3.5.1 KKNK (Klein Karoo Nasionale Kunstefees)

3.5.2 Comrades-marathon

3.5.3 Standard Bank Jazzfees

3.5.1 Aardklopfees

3.5.5 Sardientjiefees

(5 × 1) (5)
[33]

VRAAG 4

4.1 Dit is die verantwoordelikheid van alle Suid-Afrikaners om 'n volhoubare Suid-Afrika vir toekomstige geslagte te verseker.

4.1.1 Gee die belangrikste belanghebbendes in die toerismebedryf in Suid-Afrika. (3 × 1) (3)

4.1.2 Noem VIER maniere waarop die nasionale regering tot die ontwikkeling en bevordering van toerisme in Suid-Afrika kan bydra. (4 × 2) (8)

4.1.3 Bespreek DRIE negatiewe sosiokulturele gevolge wat toerisme vir die omgewing inhou. (6)

4.1.4 Toerisme kan verskillende uitwerkings op die omgewing hê. Daar is twee moontlike verhoudings tussen toerisme en die omgewing, naamlik konflik en simbiose.

In tabelvorm, gee TWEE verskille tussen simbiose en konflik. (2 × 2) (4)

4.2 4.2.1 Bespreek DRIE verantwoordelikhede van die bewaringsagentskap, die Suid-Afrikaanse Nasionale Biodiversiteitsinstituut (SANBI), om toerisme in die land volhoubaar te maak. (3 × 2) (6)

4.2.2 Gee VYF owerhede waar jy skade aan natuurlike en kultuurerfenisterreine kan aanmeld. (5)
[32]

VRAAG 5

5.1 Erfenis is enigiets wat uit die verlede oorgedra word, soos ’n tradisie, ’n nasionale erfenis van eer, trots en moed wat vir toekomstige geslagte bewaar moet word.

5.1.1 Onderskei tussen tasbare en ontasbare erfenis.

(2 × 2) (4)

5.1.2 Klassifiseer die volgende voorbeelde as óf tasbare óf ontasbare erfenis.

(a) Suid-Afrikaanse vlag
(b) Voortrekkermonument
(c) Volkslied
(d) Robbeneiland
(e) Tradisionele Zoeloedans

(5 × 1) (5)

5.2 Die Nasionale Ordes is die hoogste eerbewyse wat ’n land aan sy burgers en vooraanstaande buitelandse burgers toeken.

Verduidelik kortliks waarom die volgende eerbewyse aan iemand toegeken sal word.

5.2.1 Orde van Ikhamanga

5.2.2 Orde van die Mendi vir Dapperheid

5.2.3 Orde van Luthuli

5.2.4 Orde van Mapungubwe

(2 × 4) (8)

5.3 Stel aan die plaaslike sakekamer voor hoe hulle erfenis by die daaglikse werkomgewing kan inkorporeer. (3 × 2) (6)


[23]

TOTAAL AFDELING B: 120
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou

(110111062)

ADDENDUM A



Kopiereg voorbehou